

10 April

Skrifgedeelte: Romeine 6:1-14

Fokusgedeelte: Romeine 8:1

Nie meer onder die wet nie, maar onder die genade

Die vraag wat gelowiges dikwels vra, is: "Staan gelowiges as gevolg van hulle sonde nog onder die oordeel van God"? Romeine 8:1 se antwoord daarop is: "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie."

Die woordjie "dus" in hierdie teks is 'n baie belangrike woord. Dit sê vir ons die apostel Paulus maak onder die inspirasie van die Heilige Gees 'n gevolgtrekking. Vanaf Hoofstuk 1 is die apostel besig om met die gemeente in Rome te redeneer. Op grond van sy redenasie kom hy in Romeine 8:1 tot 'n gevolgtrekking, naamlik dat mense wat deur 'n ware geloof by die Seun van God, Jesus Christus, ingelyf is, nooit weer onder die oordeel van God staan nie.

Wat is die redenasie wat tot hierdie gevolgtrekking?

Die kern van die redenasie is as jy onder die WET van God is, staan jy onder die oordeel van God, MAAR as jy by Christus Jesus ingelyf is, staan jy onder God se genade. So redeneer die apostel, maar dan besef hy: "Hier is 'n probleem." Mense kan hom verkeerd verstaan! Hulle kan redeneer en sê: "As ek nie meer onder die wet van God staan nie, maar onder die genade, dan kan ek mos maar leef soos ek wil!" (Vergelyk Romeine 6:1-14).

Die apostel hanteer dus hierdie vals redenasie van mense vroeër in die brief deur te sê: "Nee, wanneer jy onder die genade van God staan, dan stry jy juis ten bloede toe teen die sonde want die Gees van God het jou tot 'n ware geloof in Christus Jesus gebring en Hy staak nie sy werk in jou nie, Hy sit sy werk in jou voort en lei jou daaglik om teen die sonde te stry."

Ds JL Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)